
# Praat

## Week 5

# Kwaad word & Woede



## Inhoud


Agtergrond ........................................ 1
Opname – Oriëntasie ..................... 1
Ontmoet die karakter........................2
Ondersoek – Disoriëntasie ..............2
Ek Praat ...............................................3
Behandeling – Heroriëntasie ..........3
'n Paar praktiese idees… .................3


## Agtergrond

**Woede** is deel van ons daaglikse lewe, of dit nou ons eie woede is of ander mense s'n. Ons word dikwels daaraan blootgestel as ons op die paaie van Gauteng ry, wanneer ons in lang toue staan en die diens nie waffers is nie, of wanneer die effek van stakers ons lewensomstandighede direk raak.

Dikwels word woede **uit 'n onreg gebore**. Iemand word onregverdig behandel of te nagekom wat tot woede lei. Woede ontlok dikwels aggressiewe en gewelddadige gedrag. ***Op sy beurt kan dit lei tot vernietiging van verhoudings en/of eiendom en selfs lewensverlies***.

**Woede** is nie net iets wat 'n **individu** beleef nie, maar kan ook in 'n **gemeenskap** kollektief voorkom. Wanneer woede in laasgenoemde geval tot uitbarsting kom, is die ***skaal van die aggressiewe gedrag*** dikwels omvangryk en kan selfs oorlog insluit.

## Opname – Oriëntasie

**Prof. Daniel Louw** skryf:

*"Anger is an expression of frustration due to unfulfilled needs".*

Daar is sekerlik 'n magdom dinge wat ons gewoonlik opnoem as die oorsaak van ons woede, maar waarskynlik slaan Louw die spyker op die kop as hy die oorsprong aantoon as 'n frustrasie in ons onvervulde behoeftes. So is jou en my basiese behoefte om spasie op die pad te hê en om in vrede te reis, totdat daardie behoefte gefrustreer word deur 'n "***idioot in sy groot motor***".

# Praat

**Louw** sê ook:

*"Our basic existential need is life fulfilment, a fulfilment of life expectations. The experience that one's life is fulfilled creates intense moments of joy happiness and pleasure".*

Ons jaag, ten regte, **vreugde**, **blydskap** en **geluk** na. Dit is ons behoefte as dit kom by lewensvervulling.

- Is daar dinge wat die blydskap in jou lewe steel?

## Ontmoet die karakter

**Lees Rigters 19 – 21**

**Die Leviet** was waarskynlik lief vir sy byvrou – dit verklaar ten minste die moeite wat hy gedoen het om die ontroue vrou (**Rigters 19:2**) te gaan haal. Hy wil nie in 'n stad van vreemdelinge oornag nie (**19:12**), want hy voel onveilig daar. Hy verkies om tussen sy eie mense tuis te gaan (**19:13**). In Gibea is daar 'n man wat hom en sy geselskap ***gasvry*** ontvang: ***hulle voete word gewas***, hulle het g***eëet en gedrink*** en hulle was ***vrolik***. Vir **die Leviet** was dit oomblikke van **lewensvervulling**.

## Ondersoek – Disoriëntasie

**Rigters 19:22-28** vertel een van die aakligste verhale in die Bybel. As gelowige Christen wil jy met niks wat in hierdie verse gebeur, assosieer nie. Dit is die ontvouing van boosheid veral oor die lewe van die byvrou. Die gewone gang van die lewe word wreed versteur en van lewensvervulling is daar geensins meer sprake nie. Ons het reeds gesien, waar lewensvervulling frustreer word, tree kwade gevoelens en woede na vore.

**Die Leviet** doen **'n skokkende ding in sy magtelose woede**. Hy verdeel sy byvrou se liggaam in twaalf dele en stuur 'n deel na elk van die twaalf stamme van Israel. Hierdie simboliese daad van die Leviet het vir hom die verlangde uitwerking, want in Rigters 19:30 lees ons dat die hele Israel soos een man gemobiliseer raak. "Ons moet praat!", sê hulle.

Watter keuses oefen hulle uit tydens hulle gepraat? Hulle is geskok dat hulle naasbestaan as verbondsvolk so 'n laagtepunt bereik het. Een van hulle eie, 'n Leviet, is nie gasvry deur die Benjamin-stam in Gibea ontvang nie. Hulle besluit dat hierdie soort gedrag met geweld uitgeroei moet word. Die onreg vul hulle met woede en hulle besluit dit moet met geweld gestraf word.

Wat is die uiteinde?

I. Burgeroorlog.
II. Menseroof.

Dit lyk asof meer as 90,000 soldate gesneuwel het. Dit is afgesien van die inwoners van die stede, die vroue en dies meer. Die omvang van die geweld het eksponensieel toegeneem.

Honderde jong meisies is ontvoer. Teen hulle sin het hulle die vroue geword van die oorblywende Benjamitiese mans - mans met 'n twyfelagtige moraliteit van geweld. Die konsekwensies van die keuse om onreg die pad van woede en geweld te laat loop was in die Rigtersverhaal, soos in alle lewensverhale, verreikend.

# Praat

### Ek Praat

- Hoe groot rol speel kwade gevoelens en woede tans in jou lewe?
- Wat in jou lewe gee aanleiding tot hierdie gevoelens?
- Wat is die konsekwensie en gevolge van al hierdie dinge en kwade gevoelens tans in jou lewe?

## Behandeling – Heroriëntasie

Dit is duidelik dat die ander stamme van Israel rede gehad het om woedend te wees en dat dit nodig was om met mekaar oor die gebeure en die implikasies daarvan te praat. Om kwaad te wees oor 'n onreg, is nie verkeerd nie, selfs nie vir 'n Christen nie. Die kritiese vraag is, hoe praat ons as ons kwaad is? Hoe praat ons wanneer ons lewensvervulling gesteel word?

**Prof. Cas Wepener** stel 3 L'e voor as 'n manier hoe ons onsself sinvol kan heroriënteer in 'n situasie waar ons lewensvervullinge gefrustreer word, naamlik **luister**, **leierskap** en **liefde**. Dikwels is daar mense, slagoffers, wat nooit 'n spreekbeurt kry nie. Gewoonlik is dit die broosste mense wie se stem stilgehou word, na wie nie geluister word nie. In die geval van **Rigters 19-21** is dit **die dogter van die gasheer, die byvrou van die Leviet**, **die vroue van Jabes** en **die dogters van Silo** wat **stille slagoffers** is.

I. Om betekenisvol te praat, moet die magtelose stemme ook gehoor word. Wie in ons eie samelewing van vandag praat en wie swyg – dalk noodgedwonge?

II. Die tweede L het met **leierskap** te doen. Rigters 19:1 en Rigters 21:25 vorm die raam van hierdie hele verhaal – daar was nie ordentlike leierskap nie. Goeie leierskap is 'n voorvereiste wanneer daar gepraat word oor die omstandighede wat jou as individu of die samelewing van lewensvervulling beroof.

III. Die derde L: die tafel van die Here is 'n tafel van liefde. Die brood en die wyn op die tafel getuig van menslike geweld, maar Goddelike liefde. Wie die brood breek en die beker in die hand neem, heroriënteer hom – en haarself teenoor die woede van die wêreld en die woede van die eie siel.

By die **Nagmaalstafel** kan ons woede tot bedaring gebring word, maar eers as ons kon praat en iemand kon luister ten aanskoue van die brood en die wyn wat ons in 'n groter lewensvervulling wil begelei. Dit maak die tafel van die Here 'n diepe misterie wat deur die Heilige Gees ontdek moet word.

### 'n Paar praktiese idees...

- Kry 'n prentjie van jouself met 'n "baseball bat" in die hand. Wat sien jy alles raak?
- Skryf 'n brief aan die Leviet. Wees eerlik met hom.
- Kry 'n prentjie van jouself aan die Nagmaalstafel. Wat beleef jy?
- Skryf 'n brief aan die Here. Gaan deel die inhoud met 'n leier.

# Notas